KOEDOEPARK TENNIS CLUB

www.koedoepark.co.za

**KOEDOEPARK TENNISKLUB**

---

# RANGGROEPERING VAN SPELERS EN DAAGREËLS

1. Alle spelers word volgens sterkte in groepe A, B1 en B2 geplaas - mans en dames afsonderlik. Beperkings op die hoeveelheid spelers per groep is as volg:

| | **A-groep** | **B1-groep** | **B2-groep** |
|---|---|---|---|
| Mans - | 25 | 20 | Geen |
| Dames - | 20 | 20 | Geen |

2. Die beheer van alle afdelings word onder die Leerkomitee geplaas, wat plasings sal doen na gelang van omstandighede, met die goedkeuring van die Hoofkomitee.

3. Die daagreëls mag gewysig word deur die Komitee. Die Hoofkomitee behou die reg voor wanneer die omstandighede dit regverdig, om spelers tussen die verskeie groepe te wissel.

4. Die Leerkomitee sal deur die Hoofkomitee saamgestel word by die eerste jaarlikse vergadering. Die Leerkomitee sal bestaan uit die voorsitter en minstens twee lede wat verantwoordelik sal wees vir alle daagwedstryde en plasings met die goedkeuring van die Hoofkomitee.

5. DAAGREELS

5.1 Daar bestaan twee tipes daagwedstryde in die Klub:

- Enkelspel.

- Rondomtaliespel.

**Alle** spelers is verplig om daagwedstryde te speel in enkelspel **of** rondomtaliespel.

5.2 Enige daagwedstryd wat ‘n plasing in die **A-groep** behels, moet aan die volgende reëls voldoen:

5.2.1 Alle daagwedstryde sal deur enkelspel beslis word.

5.2.2 Indien die gedaagde bo die ouderdom van 45 jaar vir mans en 40 jaar vir dames is, het die **gedaagde** die keuse of hy/sy spelle of stelle gaan speel.

5.2.3 Indien die besluit by spelle berus, sal `n Pro-stel (eerste tot 8 spelle) gespeel word. (Laaste spel valbylpot indien spelle gelykop is.)

5.2.4 Indien die gedaagde onder die onderskeie ouderdomsperk is, sal die wedstryd uit die beste van 3 stelle (valbylpotte) beslis word.

5.3 Alle spelers bo die ouderdomsgrens van 45 jaar in die geval van mans en 40 jaar vir dames in die B1- en B2-groepe is nie verplig om enkeldaagwedstryde te speel nie.

5.4 Geen gemengde wedstryde word toegelaat nie.

5.5 Daagwedstryde sal slegs op Saterdag-middae, vanaf 13:00 gespeel word met diskresie van die Leerkomitee. (Wysig miv 6/12/12) Die speler wat ‘n daagwedstryd wil speel, moet die nodige vorm voltooi, dit aan die voorsitter van die Leerkomitee oorhandig, en ‘n fooi van R80,00 [R60,00 balle en R20,00 administrasiefooi] (Klub voorsien balle en dager mag die balle hou) of R20,00 (dager voorsien Dunlop Fort of Slazenger-balle) aan die tesouriere betaal (Wysig miv 7/2/2013). Die voorsitter van die Leerkomitee sal die gedaagde/s in kennis stel en die daagvorm laat teken deur die gedaagde/s, en die datum en tyd bepaal vir die wedstryd. Daagwedstryde moet voltooi word binne 14 dae na ontvangs deur die Voorsitter van die Leerkomitee. Indien `n daagwedstryd gedurende die week ontvang word, sal dit geag ontvang wees die eerskomende Saterdag waarna die wedstryd binne die volgende twee Saterdae afgehandel moet word. (Wysig miv 1/9/08). Enige daagwedstryd wat gespeel word sonder die kennis van die Leerkomitee sal van geen waarde wees nie.

5.5.1 Indien `n speler nie binne 14 dae reageer tov `n daagwedstryd nie, tensy `n geldige rede voorgelê kan word en deur die Komitee aanvaar word, sal hy/sy afskuif direk onder die dager se posisie op die ranglys. (Wysig miv 9/1/03)

5.6. Indien enige speler versuim om sy/haar/hulle opwagting vir ‘n wedstryd te maak, sal dit beskou word dat so ‘n persoon/persone die wedstryd prysgegee het. (Binne 15 minute na gereelde tyd.)

5.6.1 Indien die gedaagde speler versuim om sy/haar opwagting vir 'n wedstryd te maak of die wedstryd prysgee, sal hy/sy afskuif direk onder die dager se posisie op die ranglys. (Wysig miv 1/7/01)

5.7 Geen speler mag gedaag word terwyl hy/sy nog 'n daagwedstryd uitstaande het nie.

5.8 Geen daagwedstryd mag op Saterdae gespeel word gedurende kampioenskappe en ligawedstryde nie.

5.9 As 'n daagwedstryd as gevolg van die volgende omstandighede nie voltooi kan word nie, sal as volg gehandel word:

5.9.1 Swak lig - wedstryd sal voortgesit word onder spreiligte.

5.9.2 Beseerde speler - beseerde speler sal wedstryd prysgee.

5.9.3 As die weersomstandighede sodanig is, of die bane so nat is dat dit na oordeel van die skeidsregter onmoontlik is om binne een uur na die aanvangstyd of onderbrekingstyd daarmee te begin of voort te gaan, sal die wedstryd uitgestel word. As `n onvoltooide wedstryd op 'n latere datum voltooi word, word die wedstryd voortgesit vanaf die punt waar dit gestaak was. (Wysig miv 7/1/2010)

5.10 Daagwedstryde moet gespeel word onder die toesig van 'n skeidsregter tensy alle betrokke spelers ooreenkom om sonder 'n skeidsregter te speel.

5.11 Spelers wat weens siekte of besering nie 'n daagwedstryd kan speel nie, sal by die voorlegging van 'n geldige mediese sertifikaat nie uit sy/haar betrokke posisie verwyder word nie. Hierdie mediese sertifikaat moet die voorsitter binne 48 uur bereik nadat die voorsitter in kennis gestel is van die siekte/besering. Indien die mediese sertifikaart nie binne 48 uur van die kennisname van die siekte/besering ontvang word nie, sal hy/sy afskuif direk onder die dager se posisie op die ranglys. Sodanige geval sal na 'n tydperk van twee maande deur die Komitee heroorweeg word indien die wedstryd nog nie afgehandel is nie. Die dager het 'n keuse of hy/sy wil volstaan met die daag, of 'n ander speler wil daag. (Wysig miv 30/5/2011)

5.12 Geen daagwedstryd waarin familielede betrokke is, sal toegelaat word nie.

5.13 Indien 'n dager die wedstryd verloor, sal hy/sy nie toegelaat word om dieselfde speler of enige speler hoër as die gedaagde binne 30 dae weer te daag nie. (Alle vrydaag-wedstryde uitgesluit by hierdie bepaling.)

6. NUWE LEDE

6.1 Die name van die nuwe lede wat by die Klub aansluit, sal deur die Leerkomitee, met die goedkeuring van die Hoofkomitee, voorlopig in `n spesifieke plek in 'n groep geplaas word. Nuwe lede het 'n vrydaag in enige groep binne 'n tydperk van 30 dae **na** sy/haar plasing deur die Komitee. By gebrek aan voltooiing van sodanige daagwedstryd, sal die nuwe lid op die rangleer bly soos voorlopig geplaas is.

6.2 Indien 'n nuwe speler met 'n vrydaag 'n speler wen wat geplaas is in 'n hoër groep as waar die Leerkomitee die nuwe speler voorlopig geplaas het, sal die laaste speler in die groep afskuif na heelbo in die groep waar die nuwe speler geplaas was.

6.3 Indien die betrokke groep uit minder spelers bestaan as die voorgeskrewe beperking in paragraaf 1 sal geen afskuiwing na 'n laer groep plaasvind nie.

7. DAAGMETODE

7.1 **Enkelspel**

7.1.1 Alle daagwedstryde sal oor drie stelle beslis word, al drie stelle sal valbylpotte wees.

7.1.2 'n Dager mag `n maksimum van vyf (5) spelers bo hom/haar in sy eie groep daag. Die drie boonste spelers in 'n groep mag `n speler bo hom/haar in die volgende hoër groep daag, maar is ook beperk tot `n maksimum van vyf (5) spelers bo hom/haar (Wysig miv 9/1/2014). Daar is spesiale gevalle, soos gestipuleer in par 5.11 en 5.12, waar spelers buite rekening gelaat moet word vir die vyf-posisie reel (Wysig miv 4/9/2014).

7.1.2.1 'n Daag tussen groepe: Indien die dager wen, skuif die laaste speler in die groep af na die volgende laer groep. Sien ook paragraaf 6.3

7.1.2.2 'n Daag binne dieselfde groep: Indien hy/sy wen, word die wenner in dieselfde groep direk bokant die verloorder geplaas.

7.1.3 Indien die dager verloor, mag hy/sy nie binne 'n tydperk van 30 dae dieselfde speler of enige speler hoër as die gedaagde daag nie.

7.2 **Rondomtalie spel: Groepe B1 en B2**

7.2.1 'n Dager mag enig drie spelers in sy/haar eie groep daag, indien hy/sy in 'n hoër groep daag, moet al drie gedaagdes van die hoër groep wees.

7.2.2 Indien die dager en die gedaagde onder die ouderdomsperk van 40 jaar vir dames en 45 jaar vir mans is, moet enkels gespeel word.

7.2.3 Indien die gedaagde bo die ouderdomsperk is, het hy/sy die keuse tussen enkels (Pro-stel of beste van drie stelle) of rondomtaliespel.

7.2.4 Die gedaagdes het die keuse of 'n enkelrondte (12) of dubbelrondte (24) gespeel moet word. Die meerderheidsbesluit sal finaal wees.

7.2.4.1 Die vier spelers loot vir maats en afslaan is soos die gebruiklike metode of prosedure.

7.2.4.2 Die uitdager speel vier spelle met die maat wat eerste geloot is.

7.2.4.3 Vier spelle elk met twee oorblywende maats.

7.2.4.4 Na elke twee spelle word kante geruil.

7.2.5 Afsonderlike tellings word van elke speler gehou.

7.2.6 Bepalings volgens tellings:

7.2.6.1 Indien die dager alleen of gesamentlik met 'n ander speler, die laagste telling van die vier spelers het, sal hy/sy in sy/haar posisie bly.

7.2.6.2 Indien die dager se telling hoër is as enige van die gedaagdes, skuif hy/sy bokant die gedaagdes met laer tellings in en die laaste speler in die groep skuif af na die volgende laer groep. Sien ook paragraaf 6.3

## 8. ALGEMEEN

8.1 Die Leerkomitee sal maandeliks, behalwe gedurende ligas en klubkampioenskappe, twee mans en twee dames willekeurig nomineer wat oor 'n vrydaag beskik, onderworpe aan die daagreëls, wat binne die betrokke maand benut kan word.

8.2 Enige lid wat vir 'n tydperk van twee maande en langer as gevolg van siekte/besering, werksomstandighede of lang verlof nie aan sosiale spel kan deelneem nie, moet die Leerkomitee skriftelik in kennis stel ten einde sy/haar posisie op die ranglys te beskerm.

8.3 Loting om spel te begin :-

8.3.1 Die speler wat die loot wen, verkies om af te slaan, die opponent kies die kant waar hy/sy wil ontvang.

8.3.2 Die speler wat die loot wen, verkies dat die opponent afslaan, die opponent het die keuse van watter kant hy/sy wil afslaan.

8.3.3 Die speler wat die loot wen, kies die kant waar hy/sy wil ontvang, maar die opponent kan verkies dat die wenner van die loot moet afslaan.

**DIE BESTUUR**

Gewysig:
1 Desember 1994
1 Februarie 1999
1 Augustus 1999
1 Julie 2001
1 November 2001
28 November 2002
9 Januarie 2003
8 November 2006
4 April 2007
1 September 2008
7 Januarie 2010
8 April 2010
9 Desember 2010
15 Februarie 2011
30 Mei 2011
10 Mei 2012
6 Desember 2012
7 Februarie 2013
9 Januarie 2014
4 September 2014

(KPTK45/MVS)